

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Mei 2019 Uitgawe 1

## Mother receives National Order for brave son



■ Sarah Tambani and her grandchild, eight-year-old Tshiamo, looking at a picture of her late son Thapelo who received the National Order of Mendi for Bravery.

**THAPELO TAMBANI** braved a waterlogged and muddy trench to rescue a friend.

Silusapho Nyanda

**A** 10-year-old deaf boy who died saving another child

posthumously received a National Order, the Order of Mendi for Bravery in Silver.

The National Orders are

the highest awards that South Africa bestows and are presented annually by the President of South Africa.

Thapelo Tambani's mother Sarah Tambani received his award from President Cyril Ramaphosa, in recognition of the little boy's selfless act of saving another life, which led to his unfortunate demise.

Thapelo drowned last year in a muddy construction pit after successfully pulling a friend to safety.

The tragedy took place in Soshanguve, north of Pretoria. According to media reports at the time, Thapelo's friend had fallen into the large pit, which was filled with muddy rain water, at an excavation site. Thapelo managed to save his friend but was overcome by the mud.

Thapelo's mother said his heroic act, although painful, was part of his character – he was a helpful boy, she said.

She said her son was very clever and had received three certificates of excellence at school.

Speaking ahead of the ceremony, the mother said that her son's hearing impairment did not hold him back.


"Even though he could not

● **Cont. page 2**



**Inspiring the car designers of tomorrow**

**Page 6**



**Teen farmer makes dad proud**

**Page 9**



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews



Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

**FREE COPY**

**Did you know?** THE 2019 ELECTIONS WILL BE HELD ON 8 MAY 2019

# Regering fokus sterk op VK

**D**ie regering is verbind tot Vroeë Kinderontwikkeling (VK), wat internasionaal erken word as die mees verreikende belegging in menslike kapitaal wat 'n land kan maak.

"Ons moet die kinders van armes opvoed, as ons die siklus van armoede gaan verbreek," het President Cyril Ramaphosa in sy Staatsrede (SR) van 2018 gesê.

'n Tekort aan geleenthede en ingrypings tydens vroeë kinderjare kan jong kinders aansienlik benadeel en hulle potensiaal vir sukses verminder.

Dr. Juliana Seleti, VK-spesialis aan die Noordwes Universiteit, het by die Wêreldbank se Tegnieke Werkswinkel van die Afrika-inisiatief vir Vroeë Kindersorg en Ontwikkeling gesê dat die apartheidstelsel wat voor 1994 aan die orde van die dag was, desondanks kinders nie ontsien het nie.

Daar was, selfs vir bevoorregte kinders, geen VK-beleide gewees nie en slegs 'n gefragmenteerde stelsel van VK-dienste, waaruit baie min kinders voordeel getrek het.

Sy sê dat georganiseerde beleidsontwikkeling in Suid-Afrika eers in die vroeë 1990's begin het, nadat voormalige President Nelson Mandela uit die tronk vrygelaat is.

Die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), Basiese Onderwys (DBO) en Gesondheid (DG) het hulle eie VK-beleide ge-



**"Ons moet die kinders van armes opvoed, as ons die siklus van armoede gaan verbreek". "**

skep; eenhede en afdelings wat duidelik gedefinieer is, is gestig en die finansiering van VK het vanaf 2000 'n begrotingsitem geword.

Sedertdien het VK 'n rege-

ringsprioriteit geword, en die Kabinet het in Desember 2015 die Nasionale Geïntegreerde VK-beleid goedgekeur, om VK-dienslewering in Suid-Afrika te transformeer deur kritieke gapings te vul en omvattende, universeel beskikbare en regverdige VK-dienste te verskaf.

## VK verskuif na die DBO

Die verantwoordelikheid vir VK-sentrums het van die DMO na die DBO oorgegaan, met meer as 700 000 kinders wat tans regoor die land van VK-dienste gebruik maak.

"Hierdie is 'n betekenisvolle stap in die vordering van onderwys vir jong kinders in ons land en, as dit reg geïmplementeer word, sal dit 'n belangrike

stap wees om die visie van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 te bereik. Sonder duidelike implementeringsplanne en konkrete optrede sal hierdie aankondiging egter nie enige voordele aan die land of sy jongste burgers bied nie," sê President Ramaphosa.

Die volgende stap in die proses is die twee jaar van verpligte VK vir alle kinders, ter voorbereiding van Graad 1, soos in die 2019-SR deur President Ramaphosa aangekondig is.

"Nog 'n kritieke prioriteit is om leesbegrip in die eerste skooljare beduidend te verbeter. Dit is noodsaaklik om kinders toe te rus om sukses in onderwys, in die beroepswêreld en in die lewe te behaal en is moontlik

die belangrikste faktor om die oorhand te kry oor armoede, werkloosheid en ongelikheid," het die President gesê.

"Ons sal die beskikbaarheid van vroeë leeskursusse regdeur die grondslagfase aansienlik uitbrei en ons sal binne die volgende ses jaar aan elke skoolkind in Suid-Afrika digitale werkboeke en handboeke op 'n tablettoestel verskaf. Ons sal begin met daardie skole wat geskiedkundig die meeste benadeel is en in die armste gemeenskappe geleë is, insluitend multigraad-, multifase-, plaas- en stedelike skole," het hy bygevoeg.

Die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, sê dat die departement gereed is om van volgende jaar af digitale handboeke in te faseer.

Die DBO – in vennootskap met die Vodacom Stigting, Nelson Mandela Stigting, Verenigde Nasies Vroue en Global Citizen – het in Maart 2019 'n VK-sentrum by Divhani Crèche en by die Frank Ravele Sekondêre Skool van Uitmuntendheid in Vhembe, Limpopo, oorhandig.

Die crèche, een van 15 VK-sentrums wat vir opknappingswerk gekies is, het 'n volledige infrastruktuurvernuwing, ondergaan.

Frank Ravele Sekondêre Skool is een van 12 Skole van Uitmuntendheid wat deur die DBO geïdentifiseer is vir die samewerkingsooreenkoms met Vodacom, wat reeds 3 000 skole en 92 onderwysersentrums regoor die land met mekaar verbind. **V**



## Het jy geweet?

- Die Nasionale Tesourie verskaf steeds befondsing vir VK deur 'n gereserveerde toelaag.
- Die voorwaardelike toelaag vir VK sal ongeveer 60 000 arm

kinders ondersteun en oor die volgende drie jaar tussen 600 en 800 VK-sentrums opgradeer.

- Die begrotingstoewysing vir die toelaag styg van R518 miljoen in 2019/20 tot R553 miljoen in 2020/21.

## Ontwikkeling van klein verstandjies

Die eerste 1 000 dae van 'n kind se lewe fokus op genoegsame voeding, sorg, veiligheid en stimulasie. Die fokus vir kinders van twee tot vyf jaar oud is op kwaliteitstimulasie en -sorg. Dit is waar VK 'n sleutelrol speel.